e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 Oktober 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 35

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Lentetyd – en nuwe lewe

Oktober in Suid-Afrika beteken die lente is hier! Oktober, die mooiste, mooiste maand.

Ons was onlangs, so met die draai van winter na lente, in die Drakensberge. Dis 'n jaarlikse uitstappie, net soos die Wildtuin vir baie ander mense. Die berge is in wintertyd uiters blootgestel aan wegholbrande, omdat die gras so ruig en welig is. 'n Blote vonkie met die berg se truuksbelaaide wind, en daar is moeilikheid. Daarom word groot dele gekontroleerd gebrand en breë stroke voorbrande gemaak. Maar dit is juis sulke afgebrande swart dele wat in lentetyd die groenste is en wat met nuutheid en varsheid 'n mens se hart raak.

As die swart roet 'n mens laat verstik, lyk dit nie of daar ooit weer hoop vir welige groen gras kan wees nie. Maar tyd, saam met water en son as kragbronne, gee weer nuwe lewe. Die gras wat nie gebrand is nie, lyk op die oog af dig, welig en gesond, maar in werklikheid is daar op plekke soveel droë gras tussenin dat dit waarde verloor en ook nuwe groei beperk.

So gaan dit ook met die mens. Daar is ook wintertye in ons lewens. Daar is die "afgebrande tye" wat 'n mens se lewe soms kruis. Dit kan jou sielsdood maak en dit laat lyk of rou hartseer, emosionele pyn, totale moedeloosheid en terneergedruktheid die oorhand het en nooit verby sal gaan nie. Dat die lewenslus nie weer sal wil blom nie.

Wat is die mens se bronne van krag in sulke omstandighede? Om met tyd weer geheel te word of troos te vind? Om geleidelik, soos 'n nuwe groen grasveld, letterlik uit die as uit op te staan? Dit is die wonder wat geloof in en afhanklikheid van en oorgee aan Christus meebring: Christus is jou bron van krag, jou water en sonskyn. God wat ook deur ander mense werk om jou by te staan en te bemoedig.

Meestal, of vir lang tye, brand ook jou eie veld van geloof of emosie nie af nie. Alles lyk dig, welig en gesond. En in orde. Maar is dit? Hoeveel dooie gras is tussenin wat lewe beperk? Dit kan vergelyk word met 'n gemaksone of traagheid. Soms verg dit selfs 'n afgebrande veld om weer nuwe insigte, perspektief, waardering en waardevolle groei te skep. Maar sonder die kragbronne kan my veld yl en vaal bly.

Ek het egter ook gesien hoe sterk immergroen struike en bome weer begin het om nuwe blaartjies uit te stoot. Party doen dit so ongemerk dat jy mooi moet kyk om dit raak te sien. Onder ons mense kry jy ook hierdie immergroenes wat steeds nuwe lewe wys en uitleef. Wat deur hul woorde en dade en afgee aan ander wys dat hulle nie in gemaksones of traagheid verval nie. En dan sien 'n mens ook in die berg dat dit veral die inheemse bos is wat sterk staan teen hitte en vlamme. Ek dink dis oor hulle so sterk gekoppel is aan hul oorsprong. Nes die mens se sterk geloof in sy Skepper hom kan deurtrek in die moeilikste tye.

My gebed: Here, waar ek my ook al bevind, in 'n swart afgebrande situasie, of besig om groen te herstel op pad na 'n nuwe begin, of sterk staande, immergroen, bid ek vir lewende water en u Lig as my bron van krag, sodat ek steeds verder kan groei as u kind. Help my dat ek die bron van my groeikrag sal ken en dat die nuwe lewe en groei wat die lente om my skep, vir my 'n aansporing sal wees.

Wynand Harmse, Keurboomstrand
(vroeër ouderling in Gemeente Weltevreden)



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Attie Hattingh

Beroep ontvang

- **Ds Attie Hattingh** van Delareyville na Krugersdorp-Noord

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Francis Nel** van SENTIK se eersteling, Pieter Johannes, is op Donderdag 17 Oktober in die Montana-hospitaal gebore – 'n gesonde 4,8 kg! Baie geluk aan Francis en Pieter, wat lidmate is van Gemeente Magaliesmoot.

- Die nuwe bestuur van die **Van der Hoff Hervormde Teologiese Studente-vereniging** is pas aangekondig. Hulle is Elmien Knoetze (Praeses), Joleen Joubert (Assessor), Lilian Erasmus (Fiscus) en Erika Ras (Abactis).

- 'n **Preekskets** van **ds Sonia van Wyk** oor 1 Korintiërs 1: 18 – 2: 5 is op Woensdag 23 Oktober aan predikante gestuur om na goeddunke eerskomende Sondag, 27 Oktober, met die herdenking van die Kerkhervorming gebruik te word. Dit kan ook by Bybelstudiegeleenthede of saam met 'n eredienswerkgroep benut word. Die reeks preeksketse is as hulpmiddel vir predikante bedoel, wat vry is om self te besluit of en hoe hulle daarvan gebruik kan maak.

- **Mev Tessa Coetzer**, voorsitter van die NHSV-hoofbestuur, se huistelefoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 012 997 0640.

- **Mev Rina Dreyer**, predikanteweduwee, se selfoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 082 413 1842.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Kleinkinders en agterkleinkinders is van Oupa en Ouma se mees besondere gawes en menslike bates. Doen moeite om hulle gereeld na hul grootouers te neem sodat daar 'n goeie verhouding kan bestaan en die kleinkinders 'n bietjie bederf kan word. Die kleinkinders onthou dit vir altyd, en die grootouers beleef 'n rustigheid, dankbaarheid en vrede! Vir meer inligting, kontak die **ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB)** by 082 786 8448.

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige **boekjaar van die Bybelgenootskap** (BSA) op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die BSA moet asseblief **teen Vrydag 25 Oktober** aan die BSA oorbetaal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. Bydraes wat laat ontvang word, sal nie in die verslae aan die ringsvergaderings van 2014 gereflekteer kan word nie. Die **deurkollektes van Hervormingsondag (27 Oktober) moet eers in November oorbetaal word** as die eerste bydraes vir die 2014-boekjaar van die BSA.

  Alle gemeentes in die RSA word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul eie donateursnommer (soos dit in die gereelde finansiële state verskyn) as verwysing gebruik. Skakel gerus vir mev Anne-Marié Nortjé by

011 970 4010 gedurende kantoorure (08:00-16:00) indien die donateursnommer onbekend is.

Die **BSA se bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig asseblief alle inbetalings per e-pos (**nortje@biblesociety.co.za**) of faks (011 970 2506). Die **bydraemikpunt** is **R36** per belydende lidmaat.

- Die bestuur van die **Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika** het besluit om voortaan nie 'n kongres te reël in die jaar waarin daar 'n gewone Algemene Kerkvergadering plaasvind nie. Die volgende kongres sal (DV) op **Donderdag 30 Oktober 2014** plaasvind. Lede en belangstellendes word egter versoek om vanjaar die **Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie** by te woon. Dit word op **28 en 29 Oktober** aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Meer besonderhede kan verkry word van dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**. *(Sien ook bladsy 10 by **Ander nuus**.)*

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** 'n Blinde persoon is baie afhanklik van sy of haar geheue. Moenie goed rondskuif en op ander plekke neersit nie. Hulle moet presies weet waar op die lessenaar of by die huis hul besittings of werktoerusting lê.

- **STUDIEBEURS: MAATSKAPLIKE WERKER.** Aansoeke word ingewag vir die **Robbie Schilz-beurs** ten bedrae van R40 000 per jaar, vir studie in maatskaplike werk vir die akademiese jare 2014 tot 2017. Die suksesvolle kandidaat moet gekeur wees deur die Universiteit van Pretoria vir maatskaplike studies, asook 'n belydende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk wees. Die beurs is beskikbaar vir die eerste of 'n daaropvolgende studiejaar. Aansoekvorms is op aanvraag beskikbaar van **jnvh@otmt.org** of faks 012 323 2127 en moet ingedien word nie later nie as **15 November 2013**.

NHSV Dinamies vorentoe

- **NHSV: Beurse en lenings vir 2014.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word by die NHSV se webadres, by **www.nhsv.org.za**, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2013**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.**

- NHSV-takke moet asseblief kennis neem dat die **47ste Nasionale NHSV-kongres** plaasvind op 17, 18 en 19 Julie 2014 in die Aula, Universiteit van Pretoria.

- Op Saterdag 30 November vier **die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)** hul **90ste bestaansjaar** in die Goddefroysaal in die Dirk van der Hoffgebou in Pretoria. Die verrigtinge duur van 09:00 tot 16:00. Kontak ds Modisaotsile Motloba by 012 322 8885 x262 of **mrcc@nhk.co.za** vir meer inligting.

- SENTIK stel **ou kategeseboeke** wat nie meer in die Kerk gebruik word nie, **gratis beskikbaar tot 25 Oktober**. Reël met mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om dit by die Sinodale Kerkkantoor te kom afhaal.

- Gemeentes en individue word daaraan herinner dat hulle hul **tydskrifintekenings** moet hernu. Ons verkies om nie soos in die verlede bloot met ou intekenings voort te gaan nie. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Die pryse in 2014 is soos volg:
  Konteks
  R170 vir 10 uitgawes, R20 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)

Die Hervormer
R120 vir 11 uitgawes, R15 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
Almanak/Bybelse Dagboek
R130 (posgeld uitgesluit as u dit nie by die gemeente afhaal nie)
Die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* sal waarskynlik voor die einde van Oktober by die Sinodale Kerkkantoor afgelewer word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties Dankfees***
  25, 26 en 27 Oktober
  hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal, Pretoria
  Vrydagaand 25ste: Vanaf 16:00 wegneemete
  Hamburgers en skyfies @ R25; koeldrank ook te koop
  Bestel by Riana (082 440 2201)
  Die jonges hou ook Vrydagaand 'n *Sixties* LAN-aand
  Inligting by **https://www.facebook.com/events/210935579084607/**
  Slegs 100 plekke, gou speel, R30 ingang
  Skakel Lizette Jordaan 072 308 6779
  Saterdag 26ste: *Sixties* Dankfees
  08:00 opening
  08:00 tot 9:30: *Sixties Ballroom*-ontbyt (Ou Kerkie)
  09:45 tot 10:30: Hondeskool (House of Brigadoon Hondeskool)
  10:30 tot 11:00: Harley Davidson-motorfietse
  11:00 tot 11:45: Dansgroep (Atehna Dance Crew)
  Seremoniemeester en gaskunstenaar: Ruan Wepner
  Stalletjies: Eetgoed, krap-en-koop, teetuin, naaldwerk, speletjies
  Sixties Boutique, groente, vrugte en plante, boeke en CD's
  Inligting by **https://www.facebook.com/events/241260172691516/**
  Sondag 27ste: 11:00 erediens en Nagmaal
  In die besonder almal wat die afgelope 60 jaar
  bande met die gemeente gehad het
  Verversings in die saal
  Navrae by 083 288 2779
  Lees meer by **https://www.facebook.com/events/416955571739365/**

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: 60-jaar-viering**
  Dankdiens op Sondag 3 November om 10:00
  Almal wat 'n verbintenis met die gemeente gehad het welkom
  Daarna fotosessie en vingerete
  Bevestig met Pieter Greyling (018 468 8221 of **greyatt@telkomsa.net**)
  om ete by te woon

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 November, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 24 Oktober: Ds JJ (Johan) van Wyk (Rustenburg)
  - Vrydag 25 Oktober: Prof E (Eddie) Engelbrecht (emeritus) en ds CG (Chris) Liebenberg (Waterberg)
  - Saterdag 26 Oktober: Di HSK (Hennie) Nel (Potgietersrus) en GSC (Skip) Scheepers (Middelburg)
  - Sondag 27 Oktober: Di KF (Kathleen) Smith (Kaapstad) en PM (Pieter) Smith (Witrivier)
  - Maandag 28 Oktober: Ds CEC (Colin) Hertzog (Middelburg-Noord)
  - Woensdag 30 Oktober: Di AE (Anet) Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), WH (Wilhelm) Steyn (emeritus) en WF (Werner) Venter (Schoemansdal)
  - Vrydag 1 November: Ds RJ (Roelf) Coertze (emeritus)

Beplande vergaderings

- Donderdag 24 Oktober: Raad van Finansies
- Vrydag 25 Oktober: Raad van Finansies
  Finkom van die OSR
- Maandag 28 Oktober: Finkom van Bejaardesorg

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Montana: Mans- en Dameskonferensie**
  Saterdag 2 November 08:30 tot 11:30
  Met prof Stephan Joubert
  Tema: *Gee om vir mekaar se harte*
  R30 per persoon
  Bespreek by Esmé (012 567 1753)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  Dinsdag 5 en Woensdag 6 November
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  R350 per persoon
  Predikante wat die VTT wil bywoon, moet mev Betsie Brits **dringend** per e-pos (**betsie.brits@up.ac.za**) of per faks (012 420 4303) of telefonies (012 420 5393) in kennis stel
  Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word
  Rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA rekening nommer 020 149 752, kode 63 20 05, verwysing 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **VTT 2014.** Baie gemeentes is reeds besig met die beplanning van volgende jaar se program. Die volgende datums word vir 2014 se VTT beplan:
  - Dinsdag 10 Junie en Woensdag 11 Junie
  - Dinsdag 4 November en 5 November

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir ’n **student**. Dit bestaan uit ’n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by

083 226 1866, of stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u ’n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - o 24-uur mediese versorging,
  - o 3 maaltye per dag,
  - o sekuriteit, en
  - o gereelde sosiale aktiwiteite.

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op **www.otmt.org**, of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  - o 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  - o 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- o **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Vrydag 25 Oktober om 19:00: Gemeente Strand**
  Konsert met Kurt Darren
  By Hoërskool Hottentots-Holland
  R120 volwassenes en R80 laerskoolkinders
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus

Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- **TUKS Eerstejaarskamp 2014**
  Aangebied deur Gemeente Philadelphia
  Tema: *Die lewe is 'n Rubiks-cube*
  Datum: Vrydag 10 tot Dinsdag 14 Januarie 2014
  Prys: R950 voor 15 Desember 2013 en R1 000 na 15 Desember 2013
  Die kamp vind by Kwaggasrus plaas
  Bymekaarkomplek: NHKA Philadelphia
  Afslag van R50 op kampprys vir matrieks per mede-matriekvriend
  wat jy saambring
  Skakel Annieka by 072 758 / Hanri by 073 171 5386
  Vind ons op Facebook: Tukkies EJK 2014

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2014**
  Is jy 'n toekomstige Matie?
  Kom kamp dan saam met ons
  Saterdag 18 Januarie 2014 om 12:00 tot **Dinsdag 21 Januarie** om 15:00
  Indien jy eers 22 Januarie in die koshuis of elders moet aanmeld, kan ons vir jou stoorplek gee vir jou bagasie, en selfs slaapplek as dit vir 'n nag of wat nodig is.
  Kom maak sommer van vroeg af goeie vriende, leer die omgewing en kampus ken en word so ook deel van die kerklike omgewing, waar ons 'n baie aktiewe HSV het. Ons beplan om groot pret te hê op die kamp. Daar gaan besprekings wees oor jou geloof en jou studentejare, maar ook genoeg pret en plesier – swem, speletjies, stap, uitstappies...

  Baie belangrik: Indien jy ander briewe ontvang het wat jou nooi na Eerstejaarskampe, dit is ***almal kerkkampe***, al sê hulle dit nie duidelik in die briewe nie. Kom kamp dus asseblief saam met jou Kerk!

  Vir meer inligting, kontak ds Chris le Roux by 079 498 3239 /
  cleroux@nhk.co.za
  of Johanet van der Merwe, HSV-voorsitter, by 073 941 7810

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**
  26 Maart tot 5 April 2014
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië
  Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 lewensveranderende dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  012 420 3804 (w) / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**
  Allesinsluitende aangepaste toerprys: R26 968
  Gebaseer op wisselkoers USD1.00 = ZAR10.00
  Internasionale retoerlugvervoer met Turkish Airlines in ekonomiese klas; lughawebelastings; 15 dae verblyf in eersteklas (4 ster) hotelle; drie etes daagliks; grondvervoer in luukse bus met lugversorging; alle toegangsfooie; dienste van professionele Engelssprekende gids en groepreisversekering.
  Inhoudryke reisplan sluit onder andere die volgende hoogtepunte in:
  - Tarsus (Paulus se geboorteplek)
  - Skoorsteenlandskap en ondergrondse stede van Kappadosië
  - Die sewe gemeentes van Klein-Asië
  - Die natuurwonder van Pamukkale
  - Die Griekse eiland Patmos (Grot van Johannes se Openbaring)
  - Skone Assos aan die Egeïse kus
  - Drie nagte in Istanbul

  Moenie hierdie unieke geleentheid misloop nie.
  Daar is net enkele plekke oor!
  Vir meer inligting kontak:
  Formele reisagent: Louise Geyser
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Karp-hengelkompetisie**
  Saterdag 16 November
  Plek: Vlooikopdam
  Eerste prys: Slagos
  Koste: R150 per hengelaar met 2 stokke
  (vir hengelaar wat hengel vir die slagos as 1ste prys)
  R100 per kind wat hengel vir die kinderprys
  Kontak Frans le Roux 082 892 1325 / Achom Prinsloo 072 345 2025

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok

plus 3 dae en 2 nagte verblyf
Geborg deur Chaan Bezuidenhout
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Alida Reed by 082 228 3552
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet 'n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

- **Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark**
  Maandag 28 Oktober tot Saterdag 2 November
  09:00 tot 19:00
  Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
  Sandkuns, inkleurkompetisie, gesigverf
  Springkasteel en ponieritte vir die kleingoed
  Familiefoto's, foto's saam met Kersvader
  Ligte vermaak
  Groot verskeidenheid geskenke teen sakpaspryse
  Navrae aan Paul Gouws by 084 515 7542 / **gouwspaul09@gmail.com**

- **Vrydag 1 November vanaf 17:00: Gemeente Benoryn in Benoni**
  Kers-nagmark
  Heerlike kosse te kies en keur
  Kerkgebou hv Struben- en De Miststraat, Rynfield
  Uitstallers welkom
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317

- **Saterdag 2 November: NHSV Gemeente Warmbad: Kersmark**
  Kerksaal, Ludorfstraat (tussen Mentz- en Groblerstraat)
  Kothuis-, gebak- en vleisstalletjies
  Vars groente
  Lekker boereontbyt, kaartjies te koop @ R40 per persoon
  By Suzi van Dyk 083 310 4943 / gemeentelike kerkkantoor 014 736 3124

- **Saterdag 9 November vanaf 08:00: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  Tema: *Wilde Weste*
  Meganiese bul, kosstalletjies en ander lekkernye
  Kindertafel, ons alombekende boerewors en vele meer
  Navrae by 013 932 2929 / 083 448 9560

- **Vrydag 22 en Saterdag 23 November: Gemeente Noordelike Pretoria**
  Bielie-van-'n-Makietie-Fees
  Moot: 12de Laan 512, Gezina
  Met Liza Brönner (nuwe *Liefling*) en Wikus Botma
  Vrydagaand om 19:00: Ete by kerslig in die saal
  Koeldrank te koop of bring 'n wyntjie en glas saam
  Etekaartjies tot 15 November te koop
  by Pikkie 083 404 5552 / Sarel 083 554 3397 / Mirna 082 307 7314
  Volwassenes = R50, persone oor 65 en kinders onder 12 = R25
  Saterdag vanaf 08:00: Iets vir almal
  Allerhande kosstalletjies, teetuin met gebak, koeldrank, pannekoek...
  Witolifanttafel, musiek, speletjies vir die kinders, lootjies en pryse te wen

Uitstallers teen R50 'n stalletjie
11:00 Liza en Wikus – bring stoel of kombers
Navrae aan Ria Smit by **236mms@gmail.com**

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

- **Saterdag 30 November: Gemeente Bellville: TOEKAFEES 2013**
  By Laerskool Brackenfell vanaf 09:00 tot laat
  Kom eet en drink iets lekker
  Kom kyk na veteraanmotors en ou trekkers
  Kom kyk na ou versamelings en demonstrasies
  Kom luister na lekker musiek
  Kom – bring jou gesin en vriende
  en geniet 'n lekker outydse uitstappie in karnavalatmosfeer
  Toegang: R10 per volwassene en kinders op skool R5
  Kontak Nico by 082 823 5441 / Gert by 083 761 4320

ANDER NUUS

- **UP FAKULTEIT TEOLOGIE**
  Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie
  28-29 Oktober
  Aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg
  Proff Eberhard Busch, Natie van Wyk, Christina Landman, D Ottati
  Drr Kobus Labuschagne, Wim Dreyer, Johan van der Merwe
  Navrae aan dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**

- **AKTIEF VIR BYBELS.** 'n Interkerklike **pretdraf en stap vir Bybels** word op **Saterdag 2 November** by die **Hoërskool Zwartkop in Centurion** gehou. Deelnemers kan individueel of as 'n span deelneem aan 'n 5 km of 10 km pretdraf of 'n twee uur lange pretstap. Die dag word deur die gemeentes Kerk Sonder Mure, House of my Glory, Lewende Woord en NG Sesmylspruit gereël. Vir inskrywingsvorms en meer inligting, stuur 'n e-pos aan Annie Swanepoel by **ksm.waag.bybelaksie@gmail.com**.

- **VAKATURE VIR MAATSKAPLIKE WERKER**
  Ondersteuningsraad Kempton Park
  Moet Afrikaanssprekend wees

Skakel Ansie Cromhout by 012 322 8885 x290 vir ’n aansoekvorm
Sluitingsdatum 15 November 2013

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen ’n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS, tot 6 November
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria
    R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

- Ons het die volgende brief van die **Ondersteuningsraad** ontvang: “Na maande se beplanning en rondskarrel breek die 13de tienerkamp aan met die tema *Despicable me – I am one in a minion*. Op 23 September daag 58 kinders uit verskillende provinsies en 20 studente van UP op by Jubaweni-kampterrein vir ’n kamp van ’n leeftyd. Tydens die vyf dae lange kamp is daar gespeel, gewerk, gehuil en vriendskapsbande gebou wat nie vinnig verbreek sal word nie. Die kinders het as individue op die kamp gekom, en met die terapeutiese intervensie wat plaasgevind het asook die Bybelstudies en die groepaktiwiteite is ’n sterk kohesie gevestig. In die woorde van ’n 14-jarige seun: *Baie dankie vir die voorreg om op die wonderlike kamp te kon kom. Die kamp en die aktiwiteite was vir my baie lekker en ek hoop om volgende jaar weer te kom!* Tydens een van die groepwerksessies beskryf ’n 17-jarige dogter haar soos volg: *Ek is ’n Blommetjie, ek wonder of enige iemand my raaksien. Ek hoor my ma huil. Ek sien my pa is kwaad. Ek wil my ma graag troos. Ek is ’n Blommetjie. Ek gee voor ek is sterk genoeg. Ek voel so magteloos. Ek raak aan die sterre en bekommer my oor die lewe. Ek huil want ek is nie sterk genoeg. Ek is ’n Blommetjie. Ek verstaan ek beteken niks nie. Ek sê dit want dit is so. Ek droom om als te verander. Ek probeer om die beter een te wees. Ek hoop als werk uit. Ek is ’n Blommetjie.* Kampe soos hierdie beteken jaarliks vir elke tiener, student en maatskaplike werker wat dit bywoon meer as wat geld of tyd ooit kan koop. Die bydraes, gebede en ondersteuning van elke lidmaat, NHSV en Hervormde gemeente maak dit vir ons moontlik om jaarliks die kamp te kan aanbied en ’n verskil in ’n kind se lewe te maak, en hiervoor sê ons baie dankie!”

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

***** Die laaste *e-Hervormer* van 2013 word op Donderdag 28 November uitgestuur. Onthou om u advertensies daarvolgens te beplan!**

AGTERBLAD

70ste AKV – wie kon raai?

As ons terugkyk op die 70ste AKV, is daar 'n positiewe uitkoms waaroor ons diep dankbaar is – nie net by die vergadering self nie, maar ook by die personeel wat vir alles reggestaan en gesorg het en wat as 'n goeie span saamgewerk het.

Elektroniese toerusting, meubels, blomme en vele meer is vervoer, geïnstalleer en geskuif. Personeel het gesorg dat die data en notule ingevoer is, stemapparate is hanteer, koppies, pierings, melkbekers, ensovoorts, is gewas en reggesit vir elke teetyd. Elke personeellid het op sy eie gebied sy funksie vervul. Wat vir my uitstaan, is dat ons as NHK Sinodale Kerkkantoor as 'n klein familie of gemeente so goed kon saamwerk.

En vir die interessantheid daarvan, kyk wat is gebruik of bedien van die Sondag tot die Vrydag:

- By benadering 6 800 koppies tee en koffie.
- Ongeveer 25 440 sout-/soetgoedjies daarmee saam.
- Sowat 43 kg suiker.
- Sowat 1 600 gewone teesakkies.
- Sowat 1 280 rooibosteesakkies.
- Sowat 18 kg koffie.
- Sowat 1 000 sakkies versoeter.
- 500 polistireenglasies.
- 206 liter melk.
- Ongeveer 320 middagetes en 200 aandetes is agter op die verhoog bedien.

Ander interessanthede

- 2 200 liter water is warmgemaak.
- 53 ronde tafels is vir die eerste twee dae in die Rautenbachsaal geplaas vir die kleingroepe.
- 100 lang tafels is vir die duur van die AKV gebruik.
- 6 800 koppies, teelepels en pierings is vir die 11 teetye gewas, afgedroog en gepak sodat koffie en tee bedien kon word.
- 240 suikerpotjies is gewas, gevul en reggepak.
- 240 melkbekers is gewas, gevul en reggepak.
- 300 koffie-/teeketels is gewas, gevul en reggepak.
- Die middagetes en aandetes wat vir die week agter op die verhoog bedien is, het meegebring dat 520 borde, klein bordjies, nageregbakkies, eetgerei en glase gewas moes word.

Jannie van Niekerk

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx